NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
Hatfield 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

PARLEMENTÊRE LESSENAAR

29 Julie 2010

Geagte kollegas

REGISTRASIE VAN HUWELIKE BY DIE DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

Nadat ek en dr Dewyk Ungerer (aktuarius van die Noordelike Sinode) op 27 Julie in Pretoria met amptenare van die Departement van Binnelandse Sake (DBS) vergader het, verskaf ek graag hiermee die volgende inligting as resultaat.

1. 'n Dokument (*Circular* 12 of 2010 rakende die "amended procedure for the solemnization of marriages and the handling of marriage registers") wat by sommige van ons huweliksbevestigers (HB's) uitgekom het, was spesifiek bedoel as 'n interne *communiqué* van die Departement van Binnelandse Sake na amptenare in hulle provinsiale en streekkantore (op bestuursvlak). Alhoewel die inhoud daarvan indirek ook op kerklike huweliksbevestigers betrekking het, moet ons nie daarop reageer nie.

2. Voortvloeiend uit hierdie dokument wil ons (saam met die DBS) bevestig dat die ou huweliksregisters nog steeds geldig is. Eers wanneer HB's se register vol is, kan hulle 'n nuwe een bekom by die kantoor waar hulle gewoonlik hulle afskrifte indien. Die DBS se opdrag aan hulle kantore is om eers die ou voorraad uit te werk voordat die nuwe een aan HB's oorhandig word.

3. Dit sal noodsaaklik wees dat HB's opleiding kry ten opsigte van die gebruik van die nuwe registers. Opleidingsprogramme word tans deur die DBS in verskillende provinsies met hulle amptenare gehou. Wanneer daar aan 'n HB 'n nuwe register oorhandig word, behoort die amptenaar inligting aan die HB te verskaf oor die gebruik daarvan en die beskikbaarheid van 'n opleidingsgeleentheid. Die DBS het ons weereens verseker dat hulle alle streekkantore sal aanmoedig om sulke opleidingsgeleenthede te hou en die nodige kommunikasie op plaaslike vlak daaroor te doen.

4. In alle gevalle (huidige registers en ou registers) moet die eerste kopie van die huweliksregister voortaan aan die huwelikspaar oorhandig word, sodat hulle ook oor 'n dokument beskik wat hulle amptelike bevestiging is van die voltrekking van die huwelik.

Verder het ons ook met die DBS ooreengekom dat

1. Beamptes van die departement voortaan vir HB's met inhandiging van registerafskrifte sal vra om hulle status as HB te bevestig teen die nuwe elektroniese databasis waaroor hulle beskik. Indien die HB nie op die databasis verskyn nie, sal die nodige inligting van die betrokke HB verkry word vir verifikasie. Dit sal nie die proses van registrasie negatief beïnvloed nie.

2. Die kerk deur middel van die Parlementêre Lessenaar toepaslike data oor HB's (hulle volle name en nommer) aan die DBS sal deurgee met die oog op volledigheid van die genoemde elektroniese databasis. Sommige sinodes het alreeds op 'n vorige versoek hieroor positief reageer, maar ons wil graag weer 'n ernstige beroep op alle sinodes doen om hieraan mee te doen.

3. Die DBS onderneem om die inhandigingsproses te vergemaklik deur hulle kantore te versoek om 'n spesiale bedienings-venster vir HB's (en begrafnisondernemers) beskikbaar te maak, sodat die verleentheid wat dikwels gepaard gaan met die verbygaan van mense wat in toue wag, HB's gespaar sal bly.

4. Alle navrae rakende HB's asseblief voortaan slegs deur middel van my of my kantoor (*Sentrum vir Kommunikasie*) met die DBS opgeneem word. So ver dit enigsins moontlik is, moet geen navrae dus direk met die DBS hanteer word nie, aangesien hulle oorspoel word met navrae vanaf NG predikante.

Dit het ongelukkig intussen onder my aandag gekom dat sommige persone in van ons sinodale strukture steeds geen vorige kommunikasie oor hierdie saak ontvang het nie. Hiermee dus weer 'n vriendelike versoek tot samewerking: versprei hierdie inligting asssebliefso wyd moontlik aan alle belangstellendes en betrokkenes.

Nogmaals baie dankie vir almal se geduld ten opsigte van hierdie saak. Ons hou julle op die hoogte van enige verdere verwikkelinge in hierdie verband.

Vriendelike groete



Dr Ben du Toit
Direkteur Kommunikasie: NG Kerk Sinode van Wes-en-Suid-Kaap
Redakteur Elektroniese Kommunikasie Algemene Sinode NG Kerk
Parlementêre Lessenaar Algemene Sinode NG Kerk
Privaatsak X8, Bellville, 7535
Tel: 021 957 7196; Faks: 021 957 7197
Sel: 0823 328 700
bendutoit@kaapkerk.co.za